Korporatiewe- en Inligtingsbestuursdienste

13 Augustus 2018

Geagte Konvokasielid

NOMINASIE EN VERKIESING VAN EEN RAADSLID UIT DIE GELEDERE VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT SE KONVOKASIE

Ingevolge paragraaf 32(1) van die Statuut van die Noordwes-Universiteit (NWU) kwalifiseer enige gegradueerde van die Universiteit of die Universiteit se voorgangers om genomineer te word om lid te word van die NWU Raad, en om te stem in ŉ verkiesing van Raadslede ingevolge paragraaf 5.

Die eerste ampstermyn van Prof AL Combrink, wat uit die geledere van die Konvokasie verkies is, sal op 7 Oktober 2018 verstryk.

Lede van die Noordwes-Universiteit se Konvokasie word hiermee uitgenooi om een kwalifiserende persoon ingevolge Reëls vir die nominasie, verkiesing aanwysing en aanstelling van Raadslede (soos deur die Raad goedgekeur op 24 April 2017) te nomineer. Die Reëls is beskikbaar by

http://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-governance-management/policy/1P-1.3_Rules%20for%20the%20appointment%20of%20council%20members_a.pdf

Aangeheg is ŉ kennisgewing met die toepaslike besonderhede asook ŉ nominasievorm.

Nominasies, geteken deur die voorsteller, ten minste twee sekondante en die genomineerde moet die Kantoor van die Registrateur, en Sekretaris van die Konvokasie, vir die aandag van Prof Marlene Verhoef by die volgende e-posadres: CIGS-elections@nwu.ac.za , voor **12:00** op **31 Augustus 2018** bereik. Die nominasieproses sal deur ŉ verkiesing gevolg word indien meer as een geldige nominasie ontvang word.

Die uwe

PROF M VERHOEF
REGISTRATEUR EN SEKRETARIS VAN DIE KONVOKASIE

KENNISGEWING AAN AL DIE LEDE VAN DIE KONVOKASIE VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT

NOMINASIE EN VERKIESING VAN 'N RAADSLID UIT DIE GELEDERE VAN DIE KONVOKASIE

Ingevolge paragraaf 32(1) van die Statuut van die Noordwes-Universiteit kwalifiseer enige gegradueerde van die Universiteit (of die Universiteit se voorgangers) om lid te wees van die Konvokasie, om genomineer te word om lid te word van die Raad, en om te stem in 'n verkiesing van Raadslede ingevolge paragraaf 5.

Die eerste ampstermyn van Prof AL Combrink, wat uit die geledere van die Konvokasie verkies is, sal op 7 Oktober 2018 verstryk.

(Lees die Reëls vir die nominasie, verkiesing, aanwysing en aanstelling van Raadslede beskikbaar by)

http://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-governance-management/policy/1P-1.3_Rules%20for%20the%20appointment%20of%20council%20members_a.pdf

Nominasie volgens die ingeslote voorgeskrewe vorm en geteken deur die voorsteller, ten minste twee sekondante en die genomineerde moet die Kantoor van die Registrateur en Sekretaris van die Konvokasie voor **12:00** op **31 Augustus 2018** bereik. Die nominasieproses sal deur 'n verkiesing gevolg word indien meer as een geldige nominasie ontvang word.

Voorstellers, sekondante en genomineerdes moet asseblief van die volgende vereistes kennis neem:

1) Slegs lede van die Konvokasie mag aan die proses deelneem.
2) Waar enige gegradueerde of gediplomeerde presterende lid van die NWU-Konvokasie ten opsigte van die Konvokasierol mag nomineer of sekondeer, mag slegs **gegradueerde** lede genomineer of verkies word.
3) Ten einde aan paragraaf 4(1) van die Statuut te voldoen om te verseker dat 60% van Raadslede eksterne lede is, mag personeellede en studente van die Noordwes-Universiteit nie in hierdie kategorie genomineer word nie.
4) Geen persoon mag die nominasie van meer as een persoon teken nie, of dit nou as voorsteller of as sekondant is.
5) Lede van die Raad moet persone wees met kennis en insig wat toepaslik vir die doelstellings en die korporatiewe bestuur van die Noordwes-Universiteit is.
6) Lede moet in staat wees om in die beste belang van die Noordwes-Universiteit aan die beraadslagings van die Raad deel te neem.
7) Sensitiwiteit vir ras en geslag moet in die nominasie van lede van die Raad aan die dag gelê word.
8) Geen persoon wat ooreenkomstig die Statuut in enige ander hoedanigheid 'n lid van die Raad is, mag in hierdie kategorie vir die Raad genomineer word nie.
9) 'n Lid wat deur verstryking van tyd uittree, kwalifiseer vir verkiesing alleenlik vir 'n tweede termyn.
10) Die nominasieproses sal deur 'n verkiesing gevolg word indien die aantal nominasies meer is as die beskikbare aantal vakatures.
11) Die proses van nominasie, verkiesing en aanwysing van lede van die Raad moet volledig deur NWU Interne Oudit ge-oudit word voordat die uitkoms aan die NWU Uitvoerende Komitee van die Raad voorgelê word vir die nagaan en evaluering van konflik van belange, goedkeuring van die proses en die bekendmaak van die uitkoms aan die Raad.
12) Die Raad van die Noordwes-Universiteit sal op hul eerste vergadering die verkiesingsprosedure bekragtig en die verkose lid omtrent die volgende vergadering van die Raad inlig.
13) Die konvokasierol sluit op die dag van die oproep om nominasies en open weer sodra die verkiesing afgehandel is.

PROF M VERHOEF
SEKRETARIS VAN DIE KONVOKASIE

NOMINASIE VAN 'N PERSOON UIT DIE GELEDERE VAN DIE KONVOKASIE AS LID VAN DIE RAAD IN OOREENSTEMMING MET PARAGRAAF 32 EN 5 VAN DIE STATUUT VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT (NWU)

Ek, ..., (identiteitsnommer) .....,

laaste kwalifikasie van die NWU * ……..…..(jaar verwerf)……

'n **lid van die NWU se Konvokasie**, nomineer hiermee die volgende **gegradueerde** lid

.....om as lid van die NWU-Raad verkies te word.

Handtekening van voorsteller:.....

Twee **sekondante** wat ook lede van die **NWU se Konvokasie** is:

Naam: ..... (identiteitsnommer).....

Laaste kwalifikasie*: ..... (jaar verwerf) .....

Naam: ..... (identiteitsnommer).....

Laaste kwalifikasie*: ..... (jaar verwerf) .....

Ek, ... (identiteitsnommer).....

laaste kwalifikasie*..... (jaar verwerf)…….....……, die genomineerde en **gegradueerde lid van die NWU se Konvokasie**, aanvaar hiermee die nominasie om as lid van die NWU-Raad verkies te word.

'n Verkorte CV (**maksimum 1 A4-bladsy**, 1,5-spasiëring) is ingesluit.

Verklaring van doelwitte (nie langer as 50 woorde nie), indien verkies:

.....

.....

.....

.....

Handtekening: ..... Datum: .....

* Dit sluit kwalifikasies in wat by die voormalige Universiteit van Noordwes en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verwerf is.

Die voltooide vorm moet per e-pos na CIGS-elections@nwu.ac.za gestuur word om die Kantoor van die Sekretaris van die Konvokasie voor **12:00** op **31 Augustus 2018** te bereik.

Oorspronklike gegewens: (10935746) H:\HSC\1. Governance\1.3 Governance structures\1.3.1 Council\1.3.1.7 Membership matters\Convocation\2018\Nomination_convocation_a.docm
24 Julie 2018